Rape Crisis Cape Town Trust

Konsultasie en Advies
Observatory: +27 (0)21 447 9762
Khayelitsha: +27 (0)21 361 9085
Manenberg: +27 (0)21 633 9229

Stuur 'n e-pos vir konsultasie navrae na:
Kath@rapecrisis.org.za
Nazma@rapecrisis.org.za
Joyce@rapecrisis.org.za

Mediese Behandeling ná Verkragting

As die gevolg van verkragting is daar moontlike mediese gevolge; maar daar is behandeling daarvoor. Daar is 'n kans dat party of al die onderstaande simptome sal voorkom. Na 'n verkragting, sal jy 'n mediese dokter of verpleegster moet sien om oor dié moonlikhede te gesels en die noodige stappe te neem.

Liggaamlike Beserings
Wanneer liggaamlike beserings na 'n verkragting opgedoen word, het jy mediese behandeling noding. Moontlikke snywonde, kneusplekke of gebreekte bene moet behandeling so gou moontlik kry.

Seksueele Oordraagbare Siektes
Daar is verskillende siektes wat seksueel oordraagbaar is (STD's). Omdat verkragting seksuele omgang bevat, is daar STD's wat jy kan kry. Dit sluit in geslagsiektes soos gonorree, sifilis en veneriese siekte.

'n Mediese dokter sal die noodige behandeling kan gee. Dié behandelings moet so gou as moontlik gekry word. Sou jy 'n hele ruk later enige pyn, geslagsdele ontslag of enige fisiese ongemalikheid ondervind, moet mediese hulp verkry word.

HIV / VIGS
HIV is die virus wat VIGS veroorsaak. VIGS is 'n ongeneeslike siekte wat seksueel oorgedra is wanneer daar onbeskermde geslagtelike omgang is met iemand wat die virus het. Ander seksuele oordraagbare siektes is geneesbaar, maar nie só met VIGS nie. Daar moet binne 24-uur behandeling verkry word na 'n verkragting.

Suid Afdrica het 'n baie hoë risiko van verkrating en van VIGS. Dié wat verkrag word moet dus kennis dra dat hulle blootgestel is aan die virus. Ook dat daar behandeling is om die risiko te verminder.

Dié behandeling is duur en laat die persoon baie siek voel. Daar is geen waarborg dat 'n persoon nie HIV positief sal word nie, maar die kanse daarvan is baie verminder. Gaan na 'n mediese dokter of verpleegster SO GOU MOONTLIK NADAT JY VERKRAG IS om die HIV behandeling (genoem AZT en 3TC) te bespreek. Dié behandeling word elke day vir 28 dae geneem.

AZT en 3TC is beskikbaar in Kaapstad op voorskrif. Jy moet die voorskrif van 'n dokter, verpleegster of die Distriksgeneesheer kry. ONTHOU OM TE VRA DAT JY OOK MEDISYNE KRY WAT DIE NARE EFFEKTE VAN DIE DWELMIDDELS SAL WEG NEEM.

Die volgende apteekers het die dwelmiddles beskikbaar

- Victoria Pharmacy, Woodstock.
  Skakel 447 2850. Dit kos R1 515.
- Glengariff Pharmacy, Sea Point.
  Skakel 434 8622. Dit kos R1 727.
- Webbs Pharmacy, Mowbray.
  Skakel 689 8923. Dit kos R1 024.

Jy kan ook Groote Schuur Hospitaal toe gaan, waar hulle sal seker maak dat jy al die behandelings wat jy nodig het, kry. Skakel hulle op 404 4498.

Swangerskap
Swangerskap kan 'n gevolg wees na verkragting. Binne 72-uur na 'n verkrating, kan 'n vrou die "morning after pill" kry wat swangerskap sal voorkom. So nie, kan 'n vrou 'n vrugafdrywing (aborsie) tot 12 weke later laat doen.

Waar die Behandelings verkrybaar is
Wanneer 'n verkragting gerapporteer word, word jy na die nasste Daghospitaal geneem deur die polisie. Die dokter wie jy daar sien se werk is om dan die nodige geregtelike bewys te verskaf indien daar 'n hofsaak is, NIE om jou behandeling to gee nie. Hy of sy sal miskien vir jou behandeling gee, maar as dit nie gebeur nie, moet jy by jou eie dokter of by 'n kliniek aanmeld vir behandeling.

Indien die verkragting nie gerapporteer word nie, is jy nog steeds aan die nodige mediese behandeling geregtig by jou eie dokter, of by 'n kliniek of by Groote Schuur Hospitaal.

Onthou dat daar nie veel tyd is ná 'n verkragting om AZT en 3TC in jou liggaam te kry nie. Meld by 'n dokter of kliniek so gou moontlik. Miskien kan jy self vir hulle sê waar dit beskikbaar is. As hulle nie dit vir jou kan geen nie, skaf dit self aan. Vra dan ook vir iets wat die nare effekte van die dwelmiddels sal help wegneem.

Lys om na die Hospitaal, kliniek of dokter te neem:

Het ek mediese behandeling gekry vir:

- **Liggaamlike beserings**
- **STD's (maar nie HIV)**
- **AZT en 3TC vir HIV**
- **Die "morning after pill"**

Moenie huiwer om vir hierdie behandelings te vra nie. Jy het die reg om jouself te beskerm.